NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 5 AUGUSTUS 2015 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cleophas, J H	Sedeman, A C
Cox-Chetty, Y S	Stemele, O M
Geel, B W	Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr P Swart
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl B W Geel open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C M Cloete en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 3 JUNIE 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 3 Junie 2015 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND (10/3/3)

BESLUIT

(a) Dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die sakelys gesirkuleer;

3.1/...

(b) Dat daar met dank kennis geneem word van die erkenning wat Swartland Munisipaliteit ontvang het t.o.v. die 100% spandering van die MIG-Fonds;

(c) Dat daar dank teenoor die direkteure en hul amptenare uitgespreek word wat betrokke was by die projekte wat deur MIG-befondsing uitgerol was.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 KWARTAALVERSLAG: APRIL – JUNIE 2015

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie kwartaalverslae ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk April – Junie 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 KWARTAALVERSLAG: APRIL – JUNIE 2015

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die kwartaalverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

Die voorsitter versoek die raadslede om, indien hul bewus is van persone wie onregmatig ‘n subsidie vanaf Swartland Munisipaliteit ontvang, dit onmiddellik aan die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder of enige direkteur te rapporteer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk April – Junie 2015;

(b) Dat verder kennis geneem word van die versoek vanaf die voorsitter om onregmatige subsidie-begunstigdes aan die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder of enige direkteur te rapporteer.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Wnde Voorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Fortuin, C
Goliath, M S I
Papers, C H
Stanley, B J
Van Zyl, M
Wilskut, W
Van der Merwe, J I
Rust, N J A
Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr P Swart
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:14 ’n aanvang.

Die ondervoorsitter, rdl O M Stemele dien as voorsitter van die vergadering.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl R F van der Westhuizen en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 3 JUNIE 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 3 Junie 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: APRIL – JUNIE 2015

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur/...

5.1/...

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha, noem dat weens die lae damvlakke sal daar moontlik waterbeperkings geïmplementeer moet word. Hierdie afkondiging sal gedurende Oktober 2015 geskied.

Rdl N S Zatu bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir die spandering van sy departement se begroting wat daarop dui dat goeie dienslewering in Swartland Munisipaliteit plaasvind.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, noem – op navraag van rdl N S Zatu – dat Eskom kennisgewings na die media uitstuur om die gemeenskap te verwittig indien beurtkrag ingestel word, welke kennisgewings gewoonlik oor die radio uitgesaai word.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem verder dat Swartland Munisipaliteit die inwoners per vonkpos van die instelling van beurtkrag inlig, aangesien die koste om sms'e uit te stuur te duur is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl N S Zatu)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk April – Junie 2015;

(b) Dat verder kennis geneem word van die dank uitgespreek teenoor die Departement: Siviele Ingenieursdienste vir die spandering van hul begroting vir die 2014/2015 finansiële jaar.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) O M STEMELE
WND VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Geel, B W
Goliath, M S I
Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Sedeman, A C
Sneewe, A M
Stanley, B J
Traut, L
Van der Merwe, J I

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr P Swart
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte: me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:45 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl R F van der Westhuizen en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 3 JUNIE 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 3 Junie 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 KWARTAALVERSLAG: APRIL – JUNIE 2015

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

5.2 MAANDVERSLAG: JUNIE 2015

5.2.1 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.2.2 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die Direkteur/...

5.2/...

Die Direkteur: Beskermingsdienste behandel die kwartaalverslag vir April – Junie 2015 sowel as die maandverslae van die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens en Brandbestrydingsafdeling.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk April – Junie 2015 asook die maandverslag van onderskeidelik die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling vir Junie 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 RIGLYNE INSAKE ONDERSTEUNING IN GEVAL VAN RAMPE (MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE AFBRAND VAN WONINGS) (17/5/1/1)

Die Swartland Munisipaliteit beskik oor vasgestelde riglyne om sekere kategorieë belastingbetalers by te staan in tye van nood, met spesiale verwysing na huise wat afgebrand het. Hierdie riglyne word op ’n gereelde basis hersien.

Rdl D B Philander spreek sy kommer uit oor die swak vakmanskap by sommige huise waar die bedrading ’n duidelike gevaar inhou.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

(a) Dat die komitee kennis neem van die goedgekeurde riglyne, dit bestudeer en hulself op hoogte bring met die inhoud daarvan om sodoende die inwoners in hul wyke by te staan indien daar ’n ramp sou plaasvind;

(b) Dat verdere kennis geneem word van die kommer van rdl D B Philander aangaande die swak elektriese bedrading in sommige wonings;

(c) Dat Swartland Munisipaliteit met die pers sal skakel om die gemeenskap bewus te maak dat swak vakmanskap tot ’n ramp kan lei, en dat die huiseienaar moet toesien dat die elektriese bedrading aan die nodige vereistes voldoen.

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 KWARTAALVERSLAG: APRIL – JUNIE 2015

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem dat die Nasionale Minister van Behuising aangekondig het dat die behuisingsbeleid verander het deurdat slegs persone ouer as 40 jaar mag aanspraak maak op laekoste-behuising (Greenfields-projek).

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem – op navraag van rdl A M Sneewe – dat indien daar persone is wat nie in die kategorie val nie, maar wel jare lank op die waglys is, hierdie persone op gedienste erwe aanspraak kan maak. Die datum van die aansoek sal ook ’n belangrike rol in hierdie verband speel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem – op navraag van rdl B J Stanley – dat die nasionale regering tans besig is om ’n beleid aangaande “agterplaas bewoners” te formuleer, aangesien dit as ’n aanvaarbare vorm van behuising geag word.

7.1.1/...

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem – op navraag van rdl D B Philander – dat m.b.t. die PHP-behuisingsprojek wat tans onder konstruksie is, die kontrakte wat met die begunstigdes gesluit is alreeds 10 jaar gelede onderteken was en as sulks sal al die begunstigdes met huise voorsien word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem verder dat m.b.t. die PHP-behuisingsprojek, daar 'n komitee uit die gemeenskap gestig is waarmee Swartland Munisipaliteit ontmoet en hulle sal leiding gee t.o.v. van die oordrag van kontrake vanaf die ouer na die kind.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk April – Junie 2015;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aankondiging van die Nasionale Minister van Behuising t.o.v. die hersiende behuisingsbeleid waarby slegs persone 40 jaar en ouer aanspraak mag maak op laekoste-behuising (Greenfields-projek);

(c) Dat verdere kennis geneem word dat die Nasionale Regering tans besig is om 'n beleid te formuleer t.o.v. agterplaasbewoners.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 7371, MALMESBURY (WYK 8) (15/3/10-8)

Verteenwoordigers van Kaap Agri Bpk het die Munisipaliteit genader met die voorstel om 'n diensstasie in Bokomoweg, Malmesbury oop te maak. Die sonering van die betrokke perseel, erf 7371, Malmesbury was aan hulle ingevolge die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies as Nywerheidsone 1 : Ligte Nywerheid bevestig wat 'n diensbedryf, nywerheidskorf, pakhuis, motor-wassery, restaurant, diensstasie, openbare parkering, transmissietoring sowel as 'n dak-basisstasie as primêre gebruike akkommodeer.

Die volgende gebruike kan ook onder nywerheidsone 1 geakkomodeer word, maar slegs as vergunningsgebruike (d.w.s. met spesiale toestemming van die Raad), naamlik: nywerheid, openbare garage, winkel, drankwinkel, kantore, kantoorpark sowel as volwasse vermaakbedryf. Die enigste verskil tussen 'n diensstasie en 'n openbare garage is dat in die geval van 'n diensstasie daar nie enige spuitverfwerk, duikklop, grofsmitwerk of bakbou mag plaasvind nie.

Aansoek word dus namens die eienaar, Kaap Agri Bedryf Bpk vir 'n vergunnings-gebruik op 'n gedeelte van erf 7371 (groot ±208m²), geleë op die h/v Spoorwegstraat en Bokomoweg, Malmesbury gedoen.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl B W Geel)

Dat die aansoek om vergunningsgebruik op erf 7371, Malmesbury, na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee terugverwys word om gesprekke met Nova-voere en Kaap Agri Bpk te voer rakende die daarstelling van 'n verkeerslig.

8.2 VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING, VERGUNNINGS-GEBRUIK EN AFWYKING VAN ERWE 1467, 1468, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11; 15/3/6-11; 15/3/10-11; 15/3/4-11) (WYK 12)

Aansoek word gedoen vir die onderverdeling van erf 1468 (groot 3637m²), geleë te Kloofstraat, Riebeek Kasteel in 'n restant (±2425m²) en gedeelte A (±1212m²).

Aansoek/...

8.2/...

Aansoek word ook gedoen vir die hersonering van erf 1467 (groot 2637m²), geleë te Kloofstraat, Riebeek Kasteel vanaf nywerheidsone 1 na sakesone 2.

Verder word aansoek gedoen vir vergunningsgebruike op die konsolideerde erf vir ‘n restaurant en plek van vermaak. Die perseel sal aangewend word vir die bedryf van ‘n teater, video opnames, studio en restaurant.

Verder word aansoek gedoen vir ‘n afwyking op die restant van erf 1468 ten einde af te wyk van die 3m agterboulyn na ±0,4m as gevolg van die onderverdelingslyn met betrekking tot die bestaande motorafdak.

Aansoek word gedoen namens die eienaars De La Plaine Trust en Nicol Venter vir die hersonering van erf 1468, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

A Dat die aansoek vir die hersonering van gedeelte A (±1212m²) van erf 1468, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2, goedgekeur word;

B Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 1468 (groot 3637m²), geleë te Kloofstraat, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in ‘n restant (±2425m²) en gedeelte A (±1212m²), goedgekeur word;

C Dat die aansoek vir die hersonering van erf 1467 (groot 2637m²), geleë te Kloofstraat, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf nywerheidsone 1 na sakesone 2, goedgekeur word;

D Dat die aansoek vir vergunningsgebruike op die konsolideerde erf vir ‘n restaurant en plek van vermaak ingevolge Artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word vir die volgende gebruike naamlik: die bedryf van ‘n teater, video opnames, studio en restaurant;

E Dat die aansoek vir ‘n afwyking op die restant van erf 1468 ten einde af te wyk van die 3m agterboulyn na ±0,4m as gevolg van die onderverdelingslyn met betrekking tot die bestaande motorafdak ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word;

F Dat <u>punte A, B, C en D onderhewig is aan die volgende voorwaardes:</u>

F1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne vir die verandering in gebruik van die buitegebou aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op uitklaring stadium;
(b) dat gedeelte A (±1212m²) van erf 1468 vir konsolidasie met erf 1467 aangebied word. Die konsolideerde erf sal beskik oor ‘n sakesone 2 sonering;
(c) dat die gebruike van die plek van vermaak tot die bedryf van ‘n teater, video opnames en studio beperk word;
(d) dat ten minste 6 op-perseel parkeerplekke voorsien word met ‘n permanente oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
(e) dat ‘n reg-van-weg serwituut op die nuutgeskepte erf ten gunste van die restant erf 1468 geregistreer word;
(f) dat daar aansoek by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir ‘n vermaaklikheids- en handelslisensie gedoen word;

(g) dat daar/…

F1/…

(g) dat daar aansoek by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir die oprigting van enige advertensieborde/tekens gedoen word;
(h) dat daar aansoek by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir ‘n geskiktheidsertifikaat vir die bedryf van die restaurant gedoen word;
(i) dat die toegangspad (serwituut) ook voorsien word van ‘n permanente stofvrye oppervlak hetsy teer, beton of plaveisel soos vooraf met hierdie munisipaliteit ooreengekom;

F2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

F3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluiting voorsien sal word nie;

F4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude sowel as onbeboude erf gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat in die geval van die restaurant moet die perseel van ‘n geboude vullisarea, met lopende water en ‘n vuilwater afvoerput wat gekoppel is aan die rioolstelsel voorsien word. Die vullisarea moet maklik toeganklik wees vir ‘n 30ton vullisvragmotor en vullisverwyderingswerkers, maar ontoeganklik vir ongewenste diere en elemente;

F5 ESKOM

(a) dat die volgende geboue en bome beperking op beide kante van die senterlyn van oorhoofse kraglyne van toepassing is, naamlik: 11kV – boubeperking aan beide kante van senterlyn van 9m;
(b) dat geen konstruksiewerke gedoen mag word nader as 6m vanaf enige Eskom struktuur of ondersteunende struktuur meganisme;
(c) dat geen werke of masjienerie nader as die volgende afstande en geleiers mag wees nie, naamlik: 11kV – 3m;
(d) dat die natuurlike grondvlak binne Eskom reserwe areas en serwitute behoue moet bly;
(e) dat ‘n minimum grondvryhoogte van die oorhoofse kraglyne by die volgende hoogtes, naamlik: 11kV – vryhoogte van 6,3m gehou moet word;
(f) dat die bestaande Eskom kraglyne en infrastruktuur bekende en gevestigde infrastruktuur op die eiendom is en dat enige herbelyning of herallokasie vir die koste van die aansoeker/ontwikkelaar sal wees;
(g) dat Eskom se regte of serwitute, ingesluit ooreenkomste met enige grondeienaars, wat verkry is vir die bedryf of onderhoud van bestaande kraglyne en infrastruktuur erken en eerbiedig moet word deur sy lewenstydperk, maar is nie beperk tot:

(i) 24h toegang tot infrastruktuur in ooreenstemming met punt F5(a);
(ii) die uitvoering van onderhoud (struktureel sowel as serwitute – plantegroei bestuur) op infrastruktuur ooreenkomstig die onderhoud programme en skedules;
(iii) die opgradering en opknapping van bestaande kraglyne en infrastruktuur soos bepaal deur Eskom;
(iv) om enige aktiwiteite uit te voer soos bo genoem om die veilige bedryf en instandhouding van Eskom kraglyne en infrastruktuur te verseker;

(h) dat Eskom/...

F1/...

(h) dat Eskom ten minste ‘n 10m vrye ruimte rondom pale/strukture het (nie slegs ‘n 10m radius vanaf die middelpunt);
(i) dat Eskom nie verantwoordelik sal wees vir enige sterfte of besering van enige persoon, of vir die verlies of skade aan enige eiendom, as gevolg van ‘n oorskryding of gebruik van ‘n area waar Eskom dienste hetsy deur die aansoeker, sy agent, kontrakteurs, werknemers, opvolgers in titel en aangewese persone;
(j) dat die aansoeker Eskom vrywaar teen enige verlies, eise of skade, ingesluit eise rakende die inmenging met Eskom dienste, toerusting of ander;
(k) dat Eskom ten alle tye onversperde toegang na en vanaf sy dienste het;
(l) dat enige ontwikkeling wat die verskuiwing van Eskom dienste tot gevolg het, sal verskuiwing vir die koste/rekening van die ontwikkelaar wees;
(m) dat mnr Neil Hendricks, Malmesbury CNC gekontak word by 022-4871212 alvorens enige werke naby Eskom kraglyne plaasvind;

F6 ALGEMEEN

(a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van dienste aansluitings te kan voorsien sal dit vir die koste van die aansoeker wees;
(b) dat kapitaalbydraes bereken is volgens inligting wat in die aansoek verstrek is. Hiervolgens is die verskil tussen die huidige nywerheidsonering en die voorgestelde sakesonering negatief vir alle dienste en is daar dus geen bedrae betaalbaar nie;
(c) dat enige bestaande dienste wat die restant en die onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;
(d) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;
(e) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE